# 18 *Vrydag*

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 4**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 4:8-14**

**Die geloof van 'n heuningby en 'n wildsbokkie**

Dit was baie ongewoon dat 'n vrou in Israel in 'n leiersposisie opgetree het, en tog was Debora erken as 'n rigter en leier van die volk. Ons het egter reeds met Ehud gesien dat wanneer God iemand roep en toerus, dan tree die mees onwaarskynlike mense kragtig op.

Debora se naam beteken "heuningby". Daarteenoor beteken Barak se naam "weerligstraal". Dit blyk egter dat die heuningby baie kragtiger optree as die weerligstraal. Barak is bang om met sy 10 000 man teen Sisera te gaan veg as Debora nie saamgaan nie. Die verskil lê daarin dat Debora geweet en geglo het dat dit God is wat red en nie die mens nie. Dit is Hy wat vir sy volk die oorwinning behaal. Daarom sê Debora: Die Here trek voor jou uit.

Dit was dan ook die Here wat met 'n reënbui die grond sag gemaak het onder Sisera se 900 strydwaens se wiele en groot verwarring gesaai het, sodat Barak die oorwinning kon behaal. As gevolg van sy kleingeloof behaal hy egter net 'n halwe oorwinning. Die eer vir die oorwinning kom 'n ander vrou, met die naam Jael, toe. Haar naam beteken "wildsbokkie". Die weerlose bokkie maak 'n groot gevegsgeneraal dood en so behaal God die oorwinning oor sy volk se vyande.

In Christus het ek en jy dieselfde geloof ontvang as Debora en Jael. Christus het die oorwinning behaal oor ons vyand, die duiwel, en jy deel in hierdie oorwinning. Daarvan is die Heilige Gees vir jou die waarborg.

Wees dan nie bang as God jou roep nie, tree kragtig in die geloof op sodat jy in sy Naam verder kan oorwin.

*Sing: Psalm 68:1*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*